# KruisWeg Gemeente KLEINGROEPLESSE (In samewerking met InPas Gemeente)

## 23 & 30 JULIE & 6 & 13 Augustus 2025




## INHOUDSOPGAWE

23 Julie 2025 - Deel 1

30 Julie 2025 - Deel 2

6 Augustus 2025 – Deel 3

13 Augustus 2025 – Deel 4

# 23 Julie 2025
# REEKS: Trappe van vergelyking – DEEL 1
# TEMA: Altyd Groter

### *OPENING EN VERWELKOMING:*

Breek die ys en laat elkeen welkom voel – maak tyd vir koffie en klets voor jul inspring in die les.

Wie van julle kan julle eerste dag op skool onthou? Vertel ons daarvan. Wat onthou jy?

### *LOFPRYSING:*

Skakel in op "Youtube" by KruisWeg se kanaal en kies die vorige week se erediens en gebruik die **seksie van die aanbiddingstyd** om saam die Here te loof en prys as groep.

### *WOORD:*

KLIK OP DIE SKAKEL https://youtu.be/McITEX1NYbY EN LUISTER NA DIE KLANKOPNAME

INLEIDING
Ons almal het die geneigdheid om onsself te vergelyk met ander. Ons voel dis nie regtige 'n "big deal" nie,
terwyl dit eintlik baie vernietigend is. Om slim-er, ryk-er of snaaks-er te wees laat jou dalk op die korttermyn
goed voel oor jouself, maar aan die einde vernietig hierdie vergelyk speletjie ons verhoudinge, huwelike en
families.

BESPREEK

1. Toe jy as kind deelgeneem het aan sport, was jy 'n goeie of 'n slegte verloorder?

2. Moes jy ooit hard werk om iemand se goedkeuring te verdien, hoe het dit jou verhouding met daardie persoon geaffekteer?

3. Wat sou jy sê is die grootste ambisie wat jy najaag op die oomblik? Dink jy dat dit enigsins gedryf word deur ons geneigdheid om onsself met ander te vergelyk?

4. Voel jy uitgeput en moeg om jouself te vergelyk met ander? Hoe affekteer dit jou innerlike gesondheid?

5. Wat is een ding wat jy hierdie week kan doen om vergenoegdheid te beoefen? Wat kan jy doen om te "pause" in die middel van jou geneigdheid en jou obsessie om jou met ander te vergelyk?

## *IMPLEMENTERING*

KYK VORENTOE

Miskien het jy 'n paar verkeerde finansiële besluite gemaak om te probeer by bly met die bure. Miskien maak jy jou lewensmaat en kinders gedaan met jou hoë verwagtinge. Miskien kom jy nie lekker oor die weg met familie a.g.v. jou jaloesie. Dalk besef jy ander mense se tekortkominge en foute maak jou beter voel oor jouself.

Die waarheid is dat ons nie waarlik die mense om ons kan lief hê as jy heeltyd jouself met hulle vergelyk en in die geheim hoop hulle struikel nie. Die waarheid is dat ons nie die mense naby ons ons waarlik kan lief hê as ons heeltyd hulle druk met ons hoë verwagtinge nie. Jy kan nie ware vrede en vergenoegdheid beleef as jy heeltyd jouself vergelyk met ander nie.

VERANDER JOU GEDAGTES

*"Tog is **een** hand vol met **rus** beter as **twee** hande vol met **moeite** en 'n **gejaag na wind**."*

Prediker 4:6

## *GEBED*

Stel 'n gebedslys op van almal se behoeftes en hou rekord van versoeke en hoe dit ook 'n realiteit word in jul lewens.

Bedien mekaar met gawes van die Gees.

# 30 Julie 2025
# REEKS: Trappe van vergelyking – DEEL 2
# TEMA: Aanvaarding

### WELKOM & YSBREKER

Kry 'n koppie koffie en vertel vir mekaar hoe dit gaan. Hoekom is jy hier vanaand en wat is jou verwagtinge?

### LOFPRYSING

*Skakel in op "Youtube" by KruisWeg se kanaal en kies die vorige week se erediens en gebruik die **seksie van die aanbiddingstyd** om saam die Here te loof en prys as groep.*

### WOORD

KLIK OP DIE SKAKEL https://youtu.be/xXe_6JSAI5g EN LUISTER NA DIE KLANKOPNAME

INLEIDING
God is die skepper van die heelal. Hy is groot, kragtig en almagtig. Hy orkestreer tyd en alles wat daarin gebeur. En hy het vir ons gesê om hom te noem... Pa? Hoe sal jou lewens uitkyk verander as jy besef jy is deel van God se familie? Wat kan dit beteken vir jou selfversekerdheid? God se opinie oor jou gaan vir jou iets gee wat jy nie kan kry deur jouself met ander te vergelyk nie.

BESPREEK
1. Televisie en die internet is vol stories van ryk, bekende en talentvolle mense wat self-vernietigend is op een of ander manier. Hoekom is ons verras en gefassineer deur hulle stories?

2. Jaag jy tans na iets - 'n doelwit, werk, verhouding of besittings. Wat of wie is jou verwysingsraamwerk om te bepaal of jy aanvaarbaar en goed genoeg is? Verduidelik.

3. Net soos 'n goeie ouer nie sy of haar kind met 'n ander vergelyk nie, vergelyk God ons ook nie met ander mense nie. Is dit soms moeilik om te glo dat God jou liefhet? Hoekom?

4. Lees Galasiërs 4:4–7. Wanneer jy bid, verwys jy na God as “Vader”? As jy dit doen, hoe affekteer dit die manier wat jy met God “relate”? As jy dit nie doen nie, hoekom nie?

5. Wat is een ding wat jy die week kan doen om toe te laat dat God se opinie oor jou, jou vorm in wie jy is en die keuses wat jy maak?

## *IMPLEMENTERING*

**Oefening van die week**

KYK VORENTOE
Wie of wat gaan jy as jou verwysingspunt gebruik om vir jou te sê jy is “OK”? Mag jy jou aanvaarding kry by die Een wat jou GESKAPE het, jou LIEF het, en jou los GEKOOP het.

VERANDER JOU GEDAGTES
Omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Galasiërs 4:4-5

## *GEBED*

Skep geleentheid waar mense bedien word.

Plaas byvoorbeeld ’n oop stoel in die middel – laat persone met behoeftes daar sit en bid vir hulle.

Gebruik jou gebedsboek ook. Laat die persone hul behoeftes daarin skryf en bid elke week daarvoor.

# 6 Augustus 2025
# REEKS: Trappe van vergelyking – DEEL 3
# TEMA: Die “*issue*” is eintlik met God

## WELKOM & YSBREKER

Breek die ys en laat elkeen welkom voel – maak tyd vir koffie en klets voor jul inspring in die les.

## LOFPRYSING

*Skakel in op “Youtube” by KruisWeg se kanaal en kies die vorige week se erediens en gebruik die **seksie van die aanbiddingstyd** om saam die Here te loof en prys as groep.*

## WOORD

KLIK OP DIE SKAKEL https://youtu.be/tlBLuGnqvRc EN LUISTER NA DIE KLANKOPNAME

INLEIDING
Ons kan so maklik ons hele lewe opgevang raak in wat ander mense het en wat ons nie het nie. Ons is konstant besig om te dink; “Het sy meer as ek... Is hulle dalk beter af as ons?” Ons kan onsself so besig hou met hierdie vrae, maar God het ‘n beter plan.

Ons gaan kyk na die bekende gelykenis in Matteus 25 om ons te help om God se beter plan vir ons raak te sien .

BESPREEK
1. Kom ons gesels vir ‘n oomblik oor jaloesie en afguns. Jaloesie lyk op die oog af soos ‘n issue met die mense om ons, maar eintlik is dit ‘n issue met God. Dit moet wees, want die mense om jou kan jou nie mooier, slimmer of ryker maak nie... Maar diep binne in ons, op ‘n subtiele manier, voel ons die Here kon vir ons meer gegee het. Bespreek hoe jy dink jalousie in ons lewens werk?

2. Lees Matteus 25:14-18 en bespreek: Hoe sien jy in die regte lewe dat mense verskillende hoeveelhede gekry het? Voel jy dat dit onregverdig is? Hoekom dink jy het ons almal ongelyke hoeveelhede gekry?

3. Lees Matteus 25:19-27 en bespreek: Met watter een van die drie diensknegte kan jy jou vereenselwig en hoekom?

4. Die frustrasie wat die ontroue dienskneg gehad het was nie met die twee wat meer as hy gekry het nie... Dit was met sy eienaar wat net EEN goue muntstuk vir hom gegee het. Sy frustrasie het gemaak dat hy gefokus het op die ONGELYKHEID inplaas van die GELEENTHEID.

Wat is een ding wat jy die week kan doen om te fokus op dit wat die Here aan jou toevertrou het inplaas van wat ander mense het?

## *IMPLEMENTERING*

**Oefening van die week**

KYK VORENTOE
Ons kan nie iemand anders se wedloop hardloop nie. Wanneer ons ontevrede is met wat ons het en onsself vergelyk met ander, kyk ons die geleentheid wat die Here wel vir jou gegee het mis. Ons het nodig om vir ‘n oomblik te stop en ons visier te skuif na dit wat die Here aan ons toevertrou het sodat ons ons wedloop kan hardloop.

Kom ons **VIER** wat die Here aan **ander** gegee het, en **HEFBOOM** dit wat die Here aan jou gegee het.

## *GEBED*

Bid saam: “Hemelse Vader, dankie vir dit wat U aan my toevertrou het. Vergewe my dat ek soms meer gefokus is op wat ander het en nie raak sien wat U aan my toevertrou het nie. Help my om my lewe te herfokus op dit wat U aan my toevertrou het.”

Skep geleentheid waar mense bedien word.

Gebruik jou gebedsboek ook. Laat die persone hul behoeftes daarin skryf en bid elke week daarvoor.

# 13 Augustus 2025
# REEKS: Trappe van vergelyking – DEEL 4
# TEMA: Vier Ander en Benut jou Uniekheid

## WELKOM & YSBREKER

Breek die ys en laat elkeen welkom voel – maak tyd vir koffie en klets voor jul inspring in die les.

## LOFPRYSING

*Skakel in op "Youtube" by KruisWeg se kanaal en kies die vorige week se erediens en gebruik die* ***seksie van die aanbiddingstyd*** *om saam die Here te loof en prys as groep.*

## WOORD

KLIK OP DIE SKAKEL https://youtu.be/yXLWrr_gYyM EN LUISTER NA DIE KLANKOPNAME

INLEIDING
Om onsself te vergelyk met ander steel nie net ons vreugde en vergenoegtheid nie, dit maak ons verhoudinge seer. Jakobus wys ons dat jaloesie en afguns die wortel is van elke stukkende verhouding, bakleiery en gemene dade… **Jakobus 3:16 ...WANT waar jaloesie en selfsugtige ambisie is, dáár sal jy ook wanorde en allerhande gemene dade kry.**

BESPREEK
1. Dink terug aan jou kinderjare, toe jy klein was. Was daar ooit iemand wat jaloers was op jou of jy op hulle? Hoe het dit die verhouding geafekteer?

2. Het jy al as volwassene beleef hoe jaloesie 'n verhouding kan vernietig, versier of gemeen raak met mekaar?

3. Is daar ‘n moontlikheid dat jy **onbewustelik** kyk na verskillende mense se hoogtepunte in hulle lewens en dan probeer op te leef na die kombinasie van al daardie hoogtepunte?

4. Om ander mense te vier (celebrate) moet hard-op en intensioneel gedoen word. Soos byvoorbeeld: As jou kollega ‘n bevordering ontvang, stuur ‘n boodskap om hom geluk te wens. Wanneer jou vriendin gewig verloor, sê vir haar sy lyk goed… Wat is ‘n praktiese manier hoe jy intensioneel ander se suksesse kan vier?

5. Om te fokus op ander mense se gawes, talente en geleenthede gaan maak dat jy uitmis op jou unieke gawes, talente en geleenthede wat die Here aan jou toevertrou het… Wat is een ding tans in jou lewe (op jou tafel) wat jy nodig het om aan aandag te gee. (Dalk: jou gesin, hoe jy jou finansies hanteer, jou gesondheid, ‘n talent, jou tyd….)

## *IMPLEMENTERING*

**Oefening van die week**

KYK VORENTOE
Jy is uniek en het ‘n unieke kombinasie van gawes, talente en geleenthede ontvang. My gebed is dat jy sal ophou om jouself te vergelyk met ander. Dat jy saam met ander hulle suksesse sal vier en die uniekheid wat jy ontvang het sal raaksien en hefboom tot verheerliking van die Here!

## *GEBED*

Skep geleentheid waar mense bedien word.

Gebruik jou gebedsboek ook. Laat die persone hul behoeftes daarin skryf en bid elke week daarvoor.